



## Hoe kosbaar is u goedertierenheid, o God!

### Teks vir die preek:

*“Laat u goedertierenheid voortduur vir die wat U ken, en u geregtigheid vir die opregtes van hart. Laat die voet van die trotsaard nie oor my kom nie, en laat die hand van die goddelose mense my nie verdryf nie. Daar het die werkers van ongeregtigheid geval; hulle is neergestoot en kan nie weer opstaan nie.”*

**Psalm 36:11-13**

B Smit

© 2011

[www.christelikebiblioteek.co.za](http://www.christelikebiblioteek.co.za)

## Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 84:1, 2 en 6
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 86:3, 6
5. Gebed
6. Skriflesing Psalm 36
7. Teks: Psalm 36:11-13
8. Preek
9. Sing Psalm 36:1-3
10. Gebed
11. Kollekte
12. Sing Psalm 1:1-2, 4
13. Seën

Geliefde gemeente van Jesus Christus, ons Here,

**Leef vanuit God se troue liefde wat sterker is as alle boosheid wat ons lewe wil oorheers.**

Boosheid en goddeloosheid wat lyk asof dit amper sonder keer oor die wêreld stroom, bring in die hart van gelowiges, ook in ons harte, dikwels groot angstigheid. Dit voel asof jou keel wil toetrek wanneer jy die koerant se opskrifte lees, want daar is net geen einde aan die onreg en geweld en wetteloosheid van die mensdom nie.

- Is daar werklik geen ontsag meer vir God en sy gebod nie?
- Is dit nou maar ons lot om as gelowiges uitgelewer te wees aan 'n wêreld wat so vol onreg en goddeloosheid is?
- En as dit ons enigste vooruitsig is, hierdie goddeloosheid en onreg wat ook ons eie vaderland kenmerk, is dit nie genoeg rede om wanhopig te raak nie?
- Ja, het die mense wat tou opgooi en 'n einde wil maak aan alles, nie tog dalk dinge die beste raakgesien en beoordeel nie?

Dawid, die digter van Psalm 32, sê deur die Gees van die Here dat daar tog hoop is. Goddeloosheid en die boosheid van die mens het nie die laaste sê nie. Trouens, in ons teksvers word duidelik gesê dat die werkers van onreg reeds ten gronde gerig is. Om hierdie woorde van ons teksvers reg te verstaan, is dit egter nodig dat ons eers goed na die Psalm sal luister.

En wanneer nou na die Psalm geluister word, is die een saak wat dadelik opval die geweldige kontras tussen vers 1 tot 5 en vers 6 tot 10. Hierdie kontras is ook nie toevallig nie. Met opset word hier twee werklikhede teenoor mekaar gestel, wat van mekaar verskil soos 'n dorre woestynlandskap teenoor 'n vrugbare en reën-deurdrenkte paradys.

Ons gaan daarom vanoggend by hierdie twee landskappe stilstaan:

- die dorre, steriele werklikheid van die goddelose se bestaan;
- en die heerlike werklikheid van lewe onder God se sorg en goedertierenheid.
- Ten slotte gaan ons ook kyk na die verband tussen hierdie twee werklikhede, wanneer die sonde van die goddelose en die liefdevolle sorg van God teenoor mekaar gestel word in die gebed waarmee die Psalm in ons teksverse afsluit.

Mag God ook ons elkeen deur Sy Woord vanoggend troos en versterk om met die regte insig en uitsig na die goddelose en sy sonde te kyk.

Hoewel die vertaling van sowel vers 2 as vers 3 in die Ou Afrikaanse vertaling wat ons saamgelees het, amper onverstaanbaar is, en die Nuwe Afrikaanse vertaling die weg opgaan van 'n teksverandering om die vers meer verstaanbaar te maak, kan die bedoeling daarvan tog verstaan word. Die digter het in sy hart deur die toedoen van God sekerheid gekry oor die diepste grond van goddelose mense se oortredinge.

Die diepste grond is geleë in die afwesigheid van ontsag vir God.

“Daar is geen vrees van God voor sy oë nie,” skryf hy.

Daar moet mens soek na die wortel van die kwaad. Daaruit vloei al die ander uitwasse en vergroeiings van die sonde voort.

Vers 3 begin dan sommer dadelik en noem die eerste vrug van hierdie verdorwenheid in die hart van goddelose mense: hulle vlei hulleself. Hulle troos hulleself met die gedagte dat daar niks sal gebeur met hulle en dat daar niks sal kom van hulle boosheid nie.

Broeders en susters, en daarmee het ons by een van die belangrike kenmerke van die steriele en vrugtelose landskap van die goddelose mens se lewe gekom:

Dit is 'n eensame landskap sonder enige afwisseling of uitstaande kwaliteite, want in die landskap, so glo die goddelose mens, bestaan net hyself. Hy is so opgesluit in homself, so verdorwe in sy denke, dat net hyself vir hom saak maak. Dat ander mense sy sonde sal raaksien en dat dit hom haatlik maak in hulle oë, oorweeg hy nie eens nie.

Daarom is die kenmerk van sy lewe ook bedrog. Bedrog van ander mense, maar ook selfbedrog. En as hy sy mond oopmaak, is die een ding waarvan jy seker kan wees, dat onreg teenoor ander daaruit sal opborrel. Hy beledig en beskimp en vloek en beskinder en smee planne teen ander se lewe. Dis waarvoor hy sy mond en sy tong gebruik.

Wat ook duidelik is, is dat dit nie hier gaan oor iemand wat gestruikel het en in die sonde geval het nie. Dit gaan hier oor iemand wat ver van God af lewe. Daarom is sy lewe en sy wêreld ook so leeg en so vrugtelos en bar. Hy kies moedswillig vir dwaasheid en die kwaad, want hy laat na om verstandig te wees en om goed te doen. Meer nog. As hy tyd kry om na te dink, saans op sy bed gaan lê, dan is dit wat sy gedagtes besig hou, die

onreg wat hy ander gaan aandoen. Die digter huiwer daarom nie om te sê dat hierdie man op die pad van kwaad staan nie. Hy het homself oorgegee aan dit wat verkeerd is.

Daarvan getuig die woord “onreg” ook, wat in dié deel van die Psalm twee keer gebruik word om sy sonde te beskryf. Die woord se grondbetekenis sê iets van verwording. Van die perversheid van die sonde wat die goeie omkeer in die kwaad. So is die lewe van die goddelose. Dit verwring en verdraai alle goed wat nog in hulle oor is, totdat dit sleg en veragtelik is.

Broeders en susters, Met hierdie beskrywing van die goddelose, word daar ook veel duidelik vir die gelowige wat daarmee gekonfronteer word.

- Dis duidelik dat mense wat hulleself op hierdie weg bevind, wat lewe in hierdie woestynlandskap van goddeloosheid, nie hulpelose slagoffers is nie.
- Hulle het nie teen hulle wil en begeerte daar beland nie, maar deur hulle eie verharding het hulle die weg van verset teen God ingeslaan.
- Dis ook duidelik dat sulke mense nie bejammer moet word deur gelowiges nie. Hier het ons nie te doen met edele barbare wat onder slegte invloed is, of deur hulle swak omstandighede tot ‘n lewe van misdad gedwing is nie.
- Wie op hierdie weg van goddeloosheid loop, doen so uit verset teen God. Dis dan ook alleen die genadige ingrype van God wat so ‘n mens tot inkeer kan bring.
- Hulle lewe is een stuk selfbedrog, want omdat hulle nie dadelik vir hulle sonde gestraf word nie, glo hulle dat niks ooit met hulle gaan gebeur nie.
- Inderdaad: “Daar is geen vrees van God voor sy oë nie.”

Aan die ander kant word die werklikheid aan ons voorgehou van ‘n lewe onder God se goedertierenheid. Waar Psalm 1 die weg van die regverdige stel teenoor die weg van die goddelose, is dit hier die goedertierenheid van God wat gestel word teenoor die goddeloosheid. Die woord goedertierenheid het twee elemente opgesluit in een woord. Die woord praat enersyds van God se liefde teenoor sy kind, maar dit sê terselfdertyd dat hierdie liefde ook standhoudend is. Die woord is ‘n verbondsterm wat gewoonlik in die Bybel die gesindheid van God beskryf teenoor sy verbondskind.

In hierdie tweede landskap bring die digter nou die goedertierenheid van die Here

- eers in vers 6 en 7 in verband met sy werk as Regeerder,
- en dan in vers 8 tot 10 met sy werk van versorging as ‘n Gasheer.

As Regeerder is dit veral die trou en die geregtigheid en die oordele van die Here waarin sy verbondsliefde vir sy kinders sigbaar word. Sy trou is soos sy goedertienheid hoog bo die aarde verhewe. Dis nie gebonde aan hierdie wêreld of onderworpe aan die gebreke van hierdie wêreld nie, maar so hoog soos die hemel en die wolke bo die aarde verhewe.

Sy geregtigheid en oordele staan aan die ander kant so vas soos die berge. Niks kan daaraan verander nie. Trouens, sy geregtigheid en oordele het reeds oor die aarde sigbaar geword met die sondvloed. Toe het Hy sy geregtigheid voltrek in die oordeel oor die goddeloses, terwyl Hy terselfdertyd mense en diere in die ark gered en bewaar het.

Maar sy goedertierenheid word in die tweede plek ook sigbaar in sy sorg oor die mensdom en in besonder oor sy kinders. Hy laat die mensdom skuiling vind in die skadu van sy vleuels. Dis immers so dat die Here God oor goeies en slegtes laat reën. Selfs die wat Hom nie ken nie, deel onbewustelik in sy versorging van die skepping.

Vir sy kinders is Hy egter veel meer 'n Gasheer wat hulle voed en laaf. Hy laat hulle deel in die vettigheid van sy huis en Hy laaf hulle uit stroom van sy goedheid, want Hy is die Bron van alle lewe. En dan moet ons lewe hier verstaan as lewe in die wydste sin van die woord. Dit gaan oor fisiese lewe, want Hy gee lewe, maar dit gaan ook oor geestelike lewe, want Hy alleen gee die ware lewe. Die lewe in verbondenheid met Hom wat die Lig is. In die lig wat van Hom afstraal, sien ons die lig.

Broeders en susters, hoe totaal anders is hierdie tweede landskap dan nie as die eerste nie.

- Hier is daar geen sprake van dorheid en gebrek en die eensaamheid van 'n woestynlandskap nie.
- Hier, in verbondheid met die Here, is daar oorfloed en versorging en beskerming.
- Die omvang van God se deugde is so omvattend dat gelowiges daaruit kan lewe.
- Terwyl dit vir die goddelose enkel en alleen oor homself gaan en daar plek is vir niemand anders in sy lewe nie, bestaan die landskap van die gelowige se lewe uit die liefde en trou van die Here.
- Die goddelose sny homself af van enige verhouding met God.
- Die gelowige aan die ander kant ken geen lewe buite God nie. Vir hom is God lewe.

Wat ook duidelik is, is dat mens vers 6 tot 10, die tweede deel van hierdie Psalm, alleen vanuit Christus kan verstaan. Deur Hom is God vir ons 'n Beskermer en 'n Versorger, wat altyd by ons bly, tot aan die voleinding. Deur Hom is God se troue verbondsliefde ook nie maar 'n teorie nie. Dit het vir ons 'n daad geword toe Hy sy Seun op Golgota vir ons oorgegee het as offer. Daar het sy trou en geregtigheid en sy oordele geskitter soos nooit tevore nie. Daar het Hy die redding bewerk vir al sy uitverkorenes.

En nou kan ons ten slotte kom by ons teksverse: die gebed van Dawid in vers 11 tot 13. In hierdie gebed word die twee landskappe van die Psalm in verband met mekaar gebring, want hier word dit wat God kenmerk, sy goedertierenheid, juis gestel teenoor dit wat die goddelose kenmerk, naamlik sy onreg.

En die werklikheid, broeders en susters, is dat die woesteny van goddeloosheid nie by ons as gelowiges verbygaan nie. Dis immers 'n kenmerk van die sonde dat dit ook ander tot struikeling wil bring. Satan, die een wat agter hierdie goddeloosheid sit, word van die begin af dan ook 'n mensemoordenaar genoem. Hy wil dat die goddeloosheid ook sal uitreik na gelowiges. Juis die gelowiges sal betrek en beproef met hulle onreg en bedrog en bose planne.

Ons beleef dit ook self: die boosheid bly nie daar ver op 'n afstand nie. Dit dring ons lewe binne en bedreig ons met die geweld en doodslag en bedrog en korrupsie en wetteloosheid wat deel geword het van ons samelewing. Dis wat die angstigheid en die moedeloosheid by so baie van ons veroorsaak.

Broeders en susters, juis in die lig van hierdie bedreiging en aanslag van die goddelose en die goddeloosheid, word die gebed van Dawid daarom vir ons verstaanbaar.

“O Here, laat u goedertierenheid voortduur vir die wat U ken en u geregtigheid vir die opregtes van hart.”

Gee tog dat ons as gelowiges altyd in u troue liefde kan lewe. Gee dat ons u beskerming en u versorging nie moet ontbeer nie. Dis immers deur God se goedertierenheid en vanuit sy goedertierenheid dat ons kan lewe. Daarbuite en daarsonder het ons geen lewe en sien ons geen lig nie.

Daarom vra hy ook dat God hom saam met al sy kinders sal beskerm, van die voet en hand van die goddelose. Die voet waarmee hulle in trotsheid gelowiges wil vertrap en die

hand waarmee hulle God se kinders wegstoot en van God probeer vervreem. En as hy vra dat dit nie moet gebeur nie, is dit nie 'n gebed van vertwyfeling nie. Hy bid juis vanuit die sekerheid dat God ook oor die bose regeer.

Trouens, hulle val en hulle ondergang is vir hom so seker dat hy dit amper met sy vinger kan uitwys: Kyk, daar het hulle geval! Kyk, daar word hulle platgevee om nooit weer op te staan nie! In hulle verset teen die kinders van God is die goddeloses sterk. God, in sy goedertierenheid is egter veel sterker. Deur sy geregtigheid en oordele beskerm Hy die gelowiges en kom die goddeloses tot 'n val.

Broeder en suster, wie daarom in die troue liefde van God verkeer, in gemeenskap met Hom lewe, verstaan die sin en die bestemming van menswees. Die magte van boosheid en geweld en onreg lyk vir ons dikwels meer werklik as die mag van God. Begryp dat die bedreiging wat ons dikwels wil oorweldig, vir die gelowige geen gevaar inhou nie. Onder die goedertierenheid van God word ons beskerm en versorg. Psalm 36 sê dat geloof vir ons beteken dat ons die werklikheid van God se troue liefde moet raaksien en daaruit moet lewe.

Daarmee word nie gesê dat gelowiges nie ook onder hierdie aanslag van die goddelose mense ly en swaarkry en selfs sterwe nie. Nee, inderdaad het daar deur die eeue reeds talle gelowiges onder vervolging en onreg as martelare gesterwe. Selfs in hulle dood het hulle egter die goedertierenheid, die troue liefde van God ervaar. Hulle is deur die onreg en die wreedheid van die wêreld nie van Hom vervreem nie, maar het gesterwe om die volle heerlikheid daarvan te ervaar.

Verstaan ook dat die kontras tussen goddeloosheid en God se goedertierenheid nie verniet so skerp gestel is nie. Daar is geen neutrale gebied tussen hierdie twee wêrelde nie:

Of jy leef sonder ontsag vir God en gaan uiteindelik onder sy regverdige oordeel ten gronde;

Of jy leef binne en vanuit sy goedertierenheid en beleef sy beskerming en versorging onder alle omstandighede.

Broeder en suster, mag ook jy hierdie troue liefde van God raaksien en beleef. Lewe in die Lig, ook al dreig en grom die goddelose soos 'n ondier wat magteloos is onder God se



oordeel. Mag God se beskerming en sy versorging 'n werklikheid wees wat jy in jou lewe ervaar.

Amen.